

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY  
OF SOUTH WEST AFRICA.

BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

UITGAWE OP GESAG.

VAN SUIDWES-AFRIKA.



PUBLISHED BY AUTHORITY.

10c

Thursday, 30 March, 1967

WINDHOEK

Donderdag, 30 Maart 1967

No. 2777

## CONTENTS

## INHOUD

Page/Bladsy

### GOVERNMENT NOTICE:

No. 45 Ordinances 1967: Promulgation of . . . .

### GOEWERMENTSKENNISGEWING:

Ordonnansies 1967: Uitvaardiging van . . . . 397

## Government Notice.

## Goewermentskennisgewing.

The following Government Notice is published for general information.

J. J. KLOPPER,  
*Secretary for South West Africa.*

Administrator's Office,  
Windhoek.

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

J. J. KLOPPER,  
*Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

Kantoor van die Administrateur,  
Windhoek.

No. 45.]

[30 March 1967.

No. 45.]

[30 Maart 1967.

### ORDINANCES, 1967: PROMULGATION OF

### ORDONNANSIES, 1967: UITVAARDIGING VAN

The Administrator has been pleased to assent, in terms of section *thirty-two* of the South West Africa Constitution Act, 1925 (Act 42 of 1925), to the following Ordinances which are hereby published for general information in terms of section *thirty-four* of the said Act:—

Dit het die Administrateur behaag om sy goedkeuring te heg, ooreenkomstig artikel *twee-en-dertig* van „De Zuidwest-Afrika Konstitutie Wet 1925” (Wet 42 van 1925), aan die volgende Ordonnansies wat hiermee vir algemene inligting gepubliseer word, ooreenkomstig artikel *vier-en-dertig* van gemelde Wet:—

No.	Title	Page
No. 2	Finance and Audit Amendment Ordinance, 1967	398
No. 3	Advertising on Roads and Ribbon Development Amendment Ordinance, 1967 . . . . .	398
No. 4	Roads Amendment Ordinance, 1967 . . . . .	400
No. 5	Education Amendment Ordinance, 1967 . . . . .	402
No. 6	Local Loans Amendment Ordinance, 1967 . . . . .	404
No. 7	Liquor Licensing Amendment Ordinance, 1967 . . . . .	404
No. 8	Promotion of Farming Interest Amendment Ordinance, 1967 . . . . .	406
No. 9	Matrimonial Affairs Amendment Ordinance, 1967	408

No.	Titel	Bladsy
	Wysigingsordonnansie op Finansies en Ouditering 1967	399
	Wysigingsordonnansie op Adverteer langs en Toebou van Paaie 1967 . . . . .	399
	Wysigingsordonnansie op Paaie 1967 . . . . .	401
	Wysigingsordonnansie op Onderwys 1967 . . . . .	403
	Wysigingsordonnansie op Plaaslike Lenings 1967 . . . . .	405
	Wysigingsordonnansie op Dranklisensies 1967 . . . . .	405
	Wysigingsordonnansie op die Bevordering van Boerderybelange 1967 . . . . .	407
	Wysigingsordonnansie op Huweliksaangeleenthede 1967 . . . . .	409

No. 2 of 1967.]

**ORDINANCE**

To amend the law on the receipt, custody and issue of public moneys.

(Assented to 23 March 1967)

(English text signed by the Administrator)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

Definition.

1. In this ordinance the words "principal ordinance" mean the Finance and Audit Ordinance, 1926 (Ordinance 1 of 1926) as amended.

Amendment of Section 15 of Ordinance 1 of 1926.

2. Section 15 of the principal ordinance is hereby amended by the addition of the following words "unless the Administrator in consultation with the Government of the Republic of South Africa determines other conditions with respect to the interest on, or the repayment of, such advance," at the end thereof.

Short title.

3. This ordinance shall be called the Finance and Audit Amendment Ordinance, 1967.

No. 3 of 1967.]

**ORDINANCE**

To amend the Advertising on Roads and Ribbon Development Ordinance, 1960, to bring certain definitions and terms thereof into concord with the appropriate provisions of the Roads Ordinance, 1962.

(Assented to 23 March 1967)

(English text signed by the Administrator)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

Amendment of section 1 of Ordinance 30 of 1960.

1. Section 1 of the Advertising on Roads and Ribbon Development Ordinance, 1960 (Ordinance 30 of 1960) — hereinafter called the principal ordinance — is hereby amended —

(a) by the substitution for the words "the Roads Ordinance, 1953 (Ordinance 17 of 1953)" of the words "the Roads Ordinance, 1962 (Ordinance 28 of 1962)";

(b) by the substitution for the definition of "local authority" of the following definition:—

"local authority" means a municipality or village management board and in respect of any area not under the control of a municipality or village management board "local authority" means the magistrate of the district in which such area is situated'.

Amendment of section 2 of Ordinance 30 of 1960.

2. Section 2 (1) (c) of the principal ordinance is hereby amended by the deletion of the words "or farm".

Amendment of section 6 of Ordinance 30 of 1960.

3. Section 6 (d) of the principal ordinance is hereby amended by the substitution for the words "private or farm road" of the words "private road".

Amendment of section 13 of Ordinance 30 of 1960.

4. Section 13 of the principal ordinance is hereby amended —

No. 2 van 1967.]

**ORDONNANSIE**

Ter wysiging van die wet op die ontvangs, bewaring en uitgifte van staatsgelde.

(Goedgekeur 23 Maart 1967)

(Engelse teks deur die Administrateur geteken)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

1. In hierdie ordonnansie dui die woord „hoofordonnansie” op die Finansie en Ouditeer Ordonnansie 1926 (Ordonnansie 1 van 1926) soos gewysig.

Woordbepaling.

2. Artikel 15 van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die byvoeging van die woorde “tensy die Administrateur in oorleg met die Regering van die Republiek van Suid-Afrika ander voorwaardes ten opsigte van die rente op, of die terugbetaling van, sodanige voorskot vasstel” aan die slot daarvan.

Wysiging van Artikel 15 van Ordonnansie 1 van 1926.

3. Hierdie ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Finansies en Ouditering 1967.

Kort titel.

No. 3 van 1967.]

**ORDONNANSIE**

Ter wysiging van die Ordonnansie op Adverteer langs en Toebou van Paaie 1960 om sekere woordbepalings en woorde daarvan in ooreenstemming te bring met die toepaslike bepalinge van die Ordonnansie op Paaie 1962.

(Goedgekeur 23 Maart 1967)

(Engelse teks deur die Administrateur geteken)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

1. Artikel 1 van die Ordonnansie op Adverteer langs en Toebou van Paaie 1960 (Ordonnansie 30 van 1960) — hierna heet dit die hoofordonnansie — word hierby gewysig —

Wysiging van artikel 1 van Ordonnansie 30 van 1960.

- (a) deur die woorde „die Ordonnansie op Paaie 1953 (Ordonnansie 17 van 1953)” te vervang deur die woorde „die Ordonnansie op Paaie 1962 (Ordonnansie 28 van 1962)”;
- (b) deur die woordbepaling van „plaaslike bestuur” te vervang deur die volgende woordbepaling:—
- „plaaslike bestuur”, ’n munisipaliteit of ’n dorpsbestuur en ten opsigte van elke gebied wat nie onder die beheer van ’n munisipaliteit of dorpsbestuur staan nie, beteken „plaaslike bestuur” die landdros van die distrik waarin sodanige gebied lê.

2. Artikel 2 (1) (c) van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die woorde „of ’n plaaspad” te skrap.

Wysiging van artikel 2 van Ordonnansie 30 van 1960.

3. Artikel 6 (d) van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die woorde „privaat- of plaaspad” te vervang deur die woord „privaatpad”.

Wysiging van artikel 6 van Ordonnansie 30 van 1960.

4. Artikel 13 van die hoofordonnansie word hierby gewysig —

Wysiging van artikel 13 van Ordonnansie 30 van 1960.

- (a) by the substitution in paragraph (i) for the words "fifty pounds" and "one hundred pounds" of the words "one hundred rand" and "two hundred rand" respectively;
- (b) by the substitution in paragraph (ii) for the words "one hundred pounds" of the words "two hundred rand."

Substitution of "public road" and "stadsgebied" in Ordinance 30 of 1960.

5. The principal ordinance is hereby amended by the substitution for the words "public road" wherever they occur of the words "proclaimed road" and the substitution in the Afrikaans text for the word "stadsgebied" wherever it occurs of the words "stedelike gebied".

Amendment of long title of Ordinance 30 of 1960.

6. The long title of the principal ordinance is hereby amended by the substitution for the words "public roads" wherever they occur of the words "proclaimed roads".

Short title.

7. This ordinance shall be called the Advertising on Roads and Ribbon Development Amendment Ordinance, 1967.

No. 4 of 1967.]

## ORDINANCE

To amend the Roads Ordinance, 1962, to provide for the determination of the costs incurred in connection with the improvement or repair of farm roads; to obviate the necessity for roads boards to consider objections to the proclamation of trunk and main roads; and to provide for the extension of the Administrator's powers in respect of the fencing in of trunk roads to include main roads.

*(Assented to 23 March 1967)*

*(Afrikaans text signed by the Administrator)*

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

Amendment of section 20 of Ordinance 28 of 1962 as amended by section 3 of Ordinance 6 of 1964.

1. Section 20 (1) of the Roads Ordinance, 1962 (Ordinance 28 of 1962) — hereinafter called the principal ordinance — is hereby amended —

- (a) by the insertion immediately before the word "consent" of the words "and on submission to him of documentary proof of expenditure";
- (b) by the substitution for the words "ultimate actual cost" of the words "ultimate cost calculated at a tariff as determined by the Administrator from time to time,"; and
- (c) by the substitution for the words "the actual cost" where they occur for the second time of the words "such cost".

Amendment of section 26 of Ordinance 28 of 1962 as amended by section 9 of Ordinance 37 of 1965.

2. Section 26 (5) of the principal ordinance is hereby amended by the insertion after the word "matter" of the words "(provided the road concerned is not a trunk or main road)".

Amendment of section 42 of Ordinance 28 of 1962 as amended by section 4 of Ordinance 16 of 1963, section 5 of Ordinance 6 of 1964 and section 2 of Ordinance 6 of 1966.

3. Section 42 (3) of the principal ordinance is hereby amended by the substitution for the words "trunk road" wherever they occur of the words "trunk or main road".

Short title.

4. This ordinance shall be called the Roads Amendment Ordinance, 1967.

- (a) deur in paragraaf (i) die woorde „vyftig pond” en „eenhonderd pond” te vervang deur die woorde „eenhonderd rand” en „tweehonderd rand” onderskeidelik;
- (b) deur in paragraaf (ii) die woorde „eenhonderd pond” te vervang deur die woorde „tweehonderd rand”.

5. Die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die woorde „publieke pad” oral waar hulle voorkom, te vervang deur die woorde „geproklameerde pad” en deur die woord „stadsgebied” oral waar dit in die Afrikaanse teks voorkom, te vervang deur die woorde „stedelike gebied”.

Vervanging van „publieke pad” en „stadsgebied” in Ordonnansie 30 van 1960.

6. Die lang titel van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die woorde „publieke paaie” oral waar hulle voorkom, te vervang deur die woorde „geproklameerde paaie”.

Wysiging van lang titel van Ordonnansie 30 van 1960.

7. Hierdie ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Adverteer langs en Toebou van Paaie 1967.

Kort titel.

No. 4 van 1967.]

## ORDONNANSIE

Ter wysiging van die Ordonnansie op Paaie 1962 om voorsiening te maak vir die bepaling van die koste wat aangegaan word met betrekking tot die verbetering of herstelling van plaaspaaie; om die noodsaaklikheid vir pastrate om besware teen die proklamering van hoof- en grootpaaie te oorweeg, uit te skakel; en ten einde voorsiening te maak vir die uitbreiding van die magte van die Administrateur ten opsigte van die omheining van hoofpaaie om ook grootpaaie in te sluit.

(Goedgekeur 23 Maart 1967)

(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

1. Artikel 20 (1) van die Ordonnansie op Paaie 1962 (Ordonnansie 28 van 1962) — hierna heet dit die hoofordonnansie — word hierby gewysig —

Wysiging van artikel 20 van Ordonnansie 28 van 1962 soos gewysig by artikel 3 van Ordonnansie 6 van 1964.

- (a) deur onmiddellik voor die woord „toestem” die woorde „en op voorlegging van dokumentêre bewys van uitgawe aan hom” in te voeg;
- (b) deur die woorde „uiteindelijke werklike koste” te vervang deur die woorde „uiteindelijke koste bereken teen ’n tarief soos van tyd tot tyd deur die Administrateur bepaal,” en
- (c) deur die woorde „die werklike koste” waar dit die tweede keer voorkom, te vervang deur die woorde „sodanige koste”.

2. Artikel 26 (5) van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die woorde „(mits die betrokke pad nie ’n hoof- of grootpad is nie)” in te voeg na die woord „saak”.

Wysiging van artikel 26 van Ordonnansie 28 van 1962 soos gewysig by artikel 9 van Ordonnansie 37 van 1965.

3. Artikel 42 (3) van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die woord „hoofpad”, waar dit ookal voorkom, deur die woorde „hoof- of grootpad” te vervang.

Wysiging van artikel 42 van Ordonnansie 28 van 1962 soos gewysig by artikel 4 van Ordonnansie 16 van 1963, artikel 5 van Ordonnansie 6 van 1964 en artikel 2 van Ordonnansie 6 van 1966.

4. Hierdie ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Paaie 1967.

Kort titel.

No. 5 of 1967.]

## ORDINANCE

To amend the Education Ordinance to provide for the change in the designation of certain professional posts and amended conditions of service.

(Assented to 23 March 1967)

(Afrikaans text signed by the Administrator)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

Amendment of section 2 of Ordinance 27 of 1962.

1. Section 2 of the Education Ordinance, 1962 (Ordinance 27 of 1962) — hereinafter called the principal ordinance — is hereby amended —

- (a) by the substitution in the definition of “competent officer” for the expression “inspector of schools” of the expression “inspector of education” and by the deletion of the word “school”;
- (b) by the substitution in the definition of “teacher” for the word “organiser” of the words “inspector of education, subject inspector, adviser”.

Amendment of section 5 of Ordinance 27 of 1962.

2. Section 5 of the principal ordinance is hereby amended —

- (a) by the substitution in sub-section (1) for the expression “inspectors of schools” of the expression “inspectors of education” and by the deletion of the expression “inspectors of hostels”.
- (b) by the substitution in sub-section (2) for the word “organisers” of the words “inspectors of education, subject inspectors, advisers”;
- (c) by the addition at the end of the above-mentioned sub-section (2) of the following further proviso:—  
“Provided further that the appointment of an inspector of education shall not be made unless it has been confirmed by the Administrator.”

Amendment of section 35 of Ordinance 27 of 1962.

3. Section 35 of the principal ordinance is hereby amended by the substitution in sub-section (1) for the expression “inspector of schools” of the expression “inspector of education”.

Amendment of section 37 of Ordinance 27 of 1962, as amended by section 1 of Ordinance 30 of 1965.

4. Section 37 of the principal ordinance is hereby amended —

- (a) by the substitution in sub-section (2) for the words “calendar month” wherever they occur of the word “month”;
- (b) by the deletion in sub-section (3) of the proviso.

Amendment of section 67 of Ordinance 27 of 1962.

5. Section 67 of the principal ordinance is hereby amended by the substitution in sub-section (1) for the expression “inspector of schools” of the expression “inspector of education”.

Amendment of section 78 of Ordinance 27 of 1962.

6. Section 78 of the principal ordinance is hereby amended by the substitution in sub-section (6) for the expression “inspector of schools” of the expression “inspector of education”.

Amendment of section 114 of Ordinance 27 of 1962.

7. Section 114 of the principal ordinance is hereby amended by the substitution in sub-section (3) for the expression “inspector of schools” of the expression “inspector of education”.

Short title and date of commencement.

8. This ordinance shall be called the Education Amendment Ordinance, 1967, and shall be deemed to have come into operation on the first day of January, 1966, except section 4 (a) which shall be deemed to have come into operation on the first day of January, 1965.

No. 5 van 1967.]

## ORDONNANSIE

Ter wysiging van die Onderwysordonnansie 1962 om voorsiening te maak vir die verandering in benaming van sekere professionele poste en veranderde diensvoorwaardes.

(Goedgekeur 23 Maart 1967)

(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied van Suidwes-Afrika VERORDEN:—

1. Artikel 2 van die Onderwysordonnansie 1962 (Ordonnansie 27 van 1962) — hierna heet dit die hoofordonnansie — word hierby gewysig —

Wysiging van artikel 2 van Ordonnansie 27 van 1962.

- (a) deur in die woordoms krywing van „bevoegde beampte” die uitdrukking „inspekteur van skole” deur die uitdrukking „inspekteur van onderwys” te vervang en die woord „skool” te skrap;
- (b) deur in die woordoms krywing van „onderwyser” die woord „organiseerder” deur die woorde „inspekteur van onderwys, vakinspekteur, adviseur” te vervang.

2. Artikel 5 van die hoofordonnansie word hierby gewysig —

Wysiging van artikel 5 van Ordonnansie 27 van 1962.

- (a) deur in subartikel (1) die uitdrukking „inspekteurs van skole” deur die uitdrukking „inspekteurs van onderwys” te vervang en die uitdrukking „inspekteurs van koshuise” te skrap;
- (b) deur in subartikel (2) die woord „organiseerders” deur die woorde „inspekteurs van onderwys, vakinspekteurs, adviseurs” te vervang;
- (c) deur aan die einde van die bogenoemde subartikel (2) die volgende verdere voorbehoudsbepaling by te voeg:—  
„Voorts met dien verstande dat die aanstelling van ’n inspekteur van onderwys nie mag geskied tensy dit deur die Administrateur bekrachtig is nie.”

3. Artikel 35 van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur in subartikel (1) die uitdrukking „inspekteur van skole” deur die uitdrukking „inspekteur van onderwys” te vervang.

Wysiging van artikel 35 van Ordonnansie 27 van 1962.

4. Artikel 37 van die hoofordonnansie word hierby gewysig —

Wysiging van artikel 37 van Ordonnansie 27 van 1962 soos gewysig by artikel 1 van Ordonnansie 30 van 1965.

- (a) deur in subartikel (2) die woord „kalendermaand” oral waar dit voorkom deur die woord „maand” te vervang;
- (b) deur in subartikel (3) die voorbehoudsbepaling te skrap.

5. Artikel 67 van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur in subartikel (1) die uitdrukking „inspekteur van skole” deur die uitdrukking „inspekteur van onderwys” te vervang.

Wysiging van artikel 67 van Ordonnansie 27 van 1962.

6. Artikel 78 van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur in subartikel (6) die uitdrukking „inspekteur van skole” deur die uitdrukking „inspekteur van onderwys” te vervang.

Wysiging van artikel 78 van Ordonnansie 27 van 1962.

7. Artikel 114 van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur in subartikel (3) die uitdrukking „inspekteur van skole” deur die uitdrukking „inspekteur van onderwys” te vervang.

Wysiging van artikel 114 van Ordonnansie 27 van 1962.

8. Hierdie ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Onderwys 1967 en word beskou as in werking met ingang van die eerste dag van Januarie 1966 behalwe artikel 4 (a) wat beskou word as in werking met ingang van die eerste dag van Januarie 1965.

Kort titel en datum van inwerkingtreding.

No. 6 of 1967.]

## ORDINANCE

To amend the Local Loans Ordinance 1927 to provide for the making of loans for public purposes to any local authority declared as such by proclamation.

(Assented to 23 March 1967)

(English text signed by the Administrator)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

Amendment of section 1 of Ordinance 7 of 1927.

1. Section 1 of the Local Loans Ordinance, 1927 (Ordinance 7 of 1927), hereinafter referred to as the principal ordinance, is hereby amended by the insertion at the end thereof of the words "and any such other body as the Administrator may by proclamation in the *Official Gazette* declare to be a local authority."

Substitution of section 2 of Ordinance 7 of 1927 as amended by section 2 of Ordinance 24 of 1952 and as substituted by section 1 of Ordinance 26 of 1963.

2. The following section is hereby substituted for section 2 of the principal ordinance:—

"Purposes for which loans may be granted to local authorities.

2. The Administrator may, subject to the provisions of this ordinance out of such moneys as may from time to time be appropriated by law for the purpose —

- (a) grant any loan to any local authority for any object or purpose whatsoever which falls within the powers, functions or duties imposed or conferred upon any such local authority by law; or
- (b) grant, in the case of a local authority declared as such by proclamation in terms of section 1, any loan to such local authority for any object or purpose specified in such proclamation."

Short title.

3. This ordinance shall be called the Local Loans Amendment Ordinance, 1967.

No. 7 of 1967.]

## ORDINANCE

To amend the law relating to the sale and control of intoxicating liquor to empower the supply of liquor to Europeans by a Burgher of Rehoboth who is the holder of a bottle licence in that portion of the district of Rehoboth known as the "*Bastard Gebiet*".

(Assented to 23 March 1967)

(English text signed by the Administrator)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—



No. 6 van 1967.]

## ORDONNANSIE

Ter wysiging van die Plaaslike Lenings Ordonnansie 1927 om voorsiening te maak vir die toestaan van lenings vir openbare doeleindes aan enige plaaslike bestuur wat by proklamasie tot sodanig verklaar is.

(Goedgekeur 23 Maart 1967)

(Engelse teks deur die Administrateur geteken)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

1. Artikel 1 van die Plaaslike Lenings Ordonnansie 1927 (Ordonnansie 7 van 1927) — hierna heet dit die hoofordonnansie — word hierby gewysig deur die invoeging aan die einde daarvan van die woorde „en enige sodanige ander liggaam soos die Administrateur by proklamasie in die *Offisiële Koerant* tot 'n plaaslike bestuur verklaar.”

Wysiging van artikel 1 van Ordonnansie 7 van 1927.

2. Artikel 2 van die hoofordonnansie word hierby vervang deur die onderstaande artikel:—

Vervanging van artikel 2 van Ordonnansie 7 van 1927 soos gewysig by artikel 2 van Ordonnansie 24 van 1952 en soos vervang deur artikel 1 van Ordonnansie 26 van 1963.

„Doeleindes waarvoor lenings aan plaaslike bestuure toegestaan kan word.

2. Die Administrateur kan behoudens die bepalings van hierdie ordonnansie uit sodanige gelde soos van tyd tot tyd wetlik vir die doel beskikbaar gestel word —

- (a) enige lening aan enige plaaslike bestuur toestaan vir enige oogmerk of doel hoe genaamd wat binne die bevoegdhede, funksies of pligte wetlik opgelê of verleen aan sodanige plaaslike bestuur val; of
- (b) in die geval van 'n plaaslike bestuur tot sodanig verklaar by proklamasie ingevolge artikel 1 enige lening toestaan aan sodanige plaaslike bestuur vir enige oogmerk of doel genoem in sodanige proklamasie.”

3. Hierdie ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Plaaslike Lenings 1967.

Kort titel.

No. 7 van 1967.]

## ORDONNANSIE

Ter wysiging van die wetgewing op die verkoop van en beheer oor sterk drank, magtiging vir die verskaffing van drank aan blankes deur 'n Rehoboth-Burger wat die houer is van 'n botteldranklisensie in die gedeelte van die distrik Rehoboth bekend as die „*Baster-Gebiet*”.

(Goedgekeur 23 Maart 1967)

(Engelse teks deur die Administrateur geteken)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika, VERORDEN:—

Amendment of section 7 of Proclamation 6 of 1920, as amended by section 2 of Proclamation 27 of 1923, section 4 of Ordinance 3 of 1927, section 4 of Proclamation 32 of 1931, section 2 of Ordinance 15 of 1941, sections 2 and 3 of Ordinance 11 of 1942, section 2 of Proclamation 28 of 1943, section 4 of Ordinance 47 of 1952, section 2 of Ordinance 31 of 1955, section 1 of Ordinance 44 of 1957, section 2 of Ordinance 34 of 1958, section 2 of Ordinance 22 of 1959, section 1 of Ordinance 4 of 1961, section 2 of Ordinance 5 of 1963 and section 2 of Ordinance 25 of 1963.

1. Section 7 (3) *ter* of the Liquor Licencing Proclamation 1920 (Proclamation 6 of 1920) is hereby amended —

- (a) by the substitution in paragraph (a) of a comma for the word “and” and the addition of the words “and Europeans” at the end of that paragraph;
- (b) by the deletion of paragraph (b).

Short Title.

2. This ordinance shall be called the Liquor Licensing Amendment Ordinance, 1967.

No. 8 of 1967.]

## ORDINANCE

To amend the promotion of Farming Interest Ordinance, 1952 to provide for the remuneration payable to the members of the Farming Interest Board, who are not in the public service, as determined by the Administrator.

(Assented to 23 March 1967)

(Afrikaans text signed by the Administrator)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

Amendment of section 6 of Ordinance 29 of 1952.

1. Section 6 of the Promotion of Farming Interest Ordinance, 1952 (Ordinance 29 of 1952) is hereby amended by the substitution for sub-section (1) of the following sub-section:—

- “(1) Every member of the Board, not being a member of the Public Service, shall receive remuneration determined by the Administrator from time to time, payable from the Fund.”

Short title.

2. This ordinance shall be called the Promotion of Farming Interest Amendment Ordinance, 1967.

1. Artikel 7 (3) *ter* van die Drank Licentie Proklamasie 1920 (Proklamasie 6 van 1920) word hierby gewysig —

- (a) deur die vervanging in paragraaf (a) van die woord „en” deur ’n komma en die byvoeging van die woorde „en blankes” aan die einde van die paragraaf.
- (b) deur die skraping van paragraaf (b).

Wysiging van artikel 7 van Proklamasie 6 van 1920, soos gewysig by artikel 2 van Proklamasie 27 van 1923, artikel 4 van Ordonnansie 3 van 1927, artikel 4 van Proklamasie 32 van 1931, artikel 2 van Ordonnansie 15 van 1941, artikels 2 en 3 van Ordonnansie 11 van 1942, artikel 2 van Proklamasie 28 van 1943, artikel 4 van Ordonnansie 47 van 1952, artikel 2 van Ordonnansie 31 van 1955, artikel 1 van Ordonnansie 44 van 1957, artikel 2 van Ordonnansie 34 van 1958, artikel 2 van Ordonnansie 22 van 1959, artikel 1 van Ordonnansie 4 van 1961, artikel 2 van Ordonnansie 5 van 1963 en artikel 2 van Ordonnansie 25 van 1963.

2. Hierdie ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Dranklisensies 1967.

Kort Titel.

No. 8 van 1967.]

## ORDONNANSIE

Tot wysiging van die Ordonnansie op die Bevordering van Boerderybelange 1952 om voorsiening te maak vir die besoldiging van lede van die raad op Boerderybelange, wat nie in die staatsdiens is nie, soos deur die Administrateur bepaal.

(Goedgekeur 23 Maart 1967)

(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

1. Artikel 6 van die Ordonnansie op die Bevordering van Boerderybelange 1952 (Ordonnansie 29 van 1952) word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:—

Wysiging van artikel 6 van ordonnansie 29 van 1952.

- „(1) Elke lid van die raad wat nie in die Staatsdiens is nie, ontvang besoldiging, soos deur die Administrateur van tyd tot tyd bepaal, wat uit die Fonds betaal word.”

2. Hierdie ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op die Bevordering van Boerderybelange 1967.

Kort titel.

No. 9 van 1967.]

## ORDINANCE

To amend the Matrimonial Affairs Ordinance, 1955, to provide what property is deemed to have been brought by a wife at a marriage into the community; to provide that a married woman may be a depositor in any account in a banking institution; to extend to a father upon whom a children's court has, under section 58 (1) of the Children's Ordinance, 1961, conferred the exclusive right to exercise any parental powers in regard to a minor, the power to appoint by testamentary disposition any person to be the sole guardian or to be vested with the sole custody of the minor; and to provide for matters incidental thereto.

(Assented to 23 March 1967)

(Afrikaans Text signed by the Administrator)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, with the consent of the State President, in so far as such consent is necessary, previously obtained and communicated to the Legislative Assembly by message from the Administrator in accordance with the provisions of section 26 of the South West Africa Constitution Act, 1925 (Act 42 of 1925) of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 1 of Ordinance 25 of 1955.

1. Section 1 of the Matrimonial Affairs Ordinance, 1955 (hereinafter called the principal ordinance) is hereby amended —

(a) by the substitution for paragraph (b) of sub-section (1) of the following paragraph:—

“(b) any immovable property held in community which the wife has at the marriage brought into the community and in respect of which an endorsement or note has been made under sub-section (2).”;

(b) by the insertion of the following sub-section after sub-section (1):—

“(1) A Any immovable property held in community which during the marriage has been inherited by or donated to the wife or has been acquired in one or more of the following ways, namely, with money or other means brought into the community by her at the marriage or inherited by or donated to her during the marriage or consisting of her earnings or the proceeds of immovable property brought into the community by her at the marriage shall for the purposes of this section be deemed to have been brought into the community by the wife at the marriage.”

Amendment of Section 2 of Ordinance 25 of 1955.

2. Section 2 of the principal ordinance is hereby amended —

(a) by the substitution for paragraph (c) of sub-section (1) of the following paragraph:—

“(c) to withdraw any deposit standing in the name of his wife in the Post Office Savings Bank of the Territory or in a building society or in any account in a banking institution as defined in section 1 of the Banks Act, 1965 (Act 23 of 1965) or to take possession of any moneys withdrawn by her therefrom; or”;

(b) by the substitution for sub-section (5) of the following sub-section:—

No. 9 of 1967.]

## ORDONNANSIE

Tot wysiging van die Ordonnansie op Huweliksaangeleenthede 1955, om te bepaal watter goedere geag word deur 'n vrou by 'n huwelik in die gemeenskap ingebring te gewees het; om daarvoor voorsiening te maak dat 'n getroude vrou 'n depositogewer in enige rekening in 'n bankinstelling kan wees; om die bevoegdheid om by testamentêre beskikking enigiemand te benoem tot enigste voog of tot reghebbende op die uitsluitlike bewaring van 'n minderjarige, uit te brei na 'n vader aan wie 'n kindertehof kragtens artikel 58 (1) van die Kinderordonnansie 1961, die uitsluitlike reg verleen het om enige ouerlike magte met betrekking tot die minderjarige uit te oefen; en om vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan voorsiening te maak.

(Goedgekeur 23 Maart 1967)

(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika, met die toestemming van die Staatspresident dermate sodanige toestemming nodig is vooraf verkreeë en deur boodskap van die Administrateur aan die Wetgewende Vergadering meegedeel ooreenkomstig die bepalings van artikel 26 van die Zuidwest Afrika Konstitutie Wet 1925 (Wet 42 van 1925) van die Republiek van Suid-Afrika, VERORDEN:—

1. Artikel 1 van die Ordonnansie op Huweliksaangeleenthede 1955 (hierna die hoofordonnansie genoem) word hierby gewysig —

Wysiging van artikel 1 van Ordonnansie 25 van 1955.

(a) deur paragraaf (b) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:—

„(b) gemeenskaplike onroerende goed wat die vrou by die huwelik in die gemeenskap ingebring het en ten opsigte waarvan 'n endossement of aantekening kragtens subartikel (2) aangebring is”;

(b) deur die volgende subartikel na subartikel (1) in te voeg:—

„(1) A Gemeenskaplike onroerende goed wat gedurende die huwelik deur die vrou geërf is of aan haar geskenk is of op een of meer van die volgende maniere verkry is, te wete, met geld of ander middele wat sy by die huwelik in die gemeenskap ingebring het of wat gedurende die huwelik deur haar geërf is of aan haar geskenk is of wat bestaan uit haar verdienste of die opbrengs van onroerende goed deur haar by die huwelik in die gemeenskap ingebring, word by die toepassing van hierdie artikel geag deur die vrou by die huwelik in die gemeenskap ingebring te gewees het.”

2. Artikel 2 van die hoofordonnansie word hierby gewysig —

Wysiging van artikel 2 van Ordonnansie 25 van 1955.

(a) deur paragraaf (c) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:—

„(c) 'n deposito wat in die Posspaarbank van die Gebied of by 'n bouvereniging of in enige rekening by 'n bankinstelling soos in artikel 1 van die Bankwet 1965 (Wet 23 van 1965), omskryf, op naam van sy vrou staan, te trek nie, of geld wat sy daaruit getrek het, in besit te neem nie; of”;

(b) deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:—

- “(5) (a) A married woman, whether under the marital power or not, may be a depositor in any account in a banking institution as defined in section 1 of the Banks Act, 1965, and may without the consent or assistance of her husband execute all necessary documents, give all necessary acquittances and cede, pledge, borrow against and generally deal with her deposit in such account and enjoy all the privileges and be liable to all the obligations attaching to depositors in any such account in such banking institution: Provided that a married woman who is under the marital power may not, without the consent of her husband, draw on a current account in which she is a depositor in such a banking institution to an amount exceeding the total amount of the deposits standing to her credit in any account in such banking institution.
- (b) Save with her written consent, the husband of a married woman who has become a depositor with a banking institution in terms of paragraph (a), shall not be entitled to demand from such banking institution particulars concerning deposits she has with that banking institution.”

Amendment of section 4 of Ordinance 25 of 1955.

3. Section 4 of the principal ordinance is hereby amended —

- (a) by the substitution for sub-section (3) of the following sub-section:—

“(3) Subject to any order of the court —

- (a) a parent to whom the sole guardianship or custody of a minor has been granted under sub-section (1) or a father or mother upon whom a children's court has under section 58 (1) of the Children's Ordinance, 1961 (Ordinance 31 of 1961) conferred the exclusive right to exercise any parental powers in regard to a minor, may by testamentary disposition appoint any person to be the sole guardian or to be vested with the sole custody of the minor, as the case may be; and
- (b) the father of a minor to whom the sole guardianship of the minor has not been granted under sub-section (1) or upon whom a children's court has not conferred the exclusive right to exercise any parental powers in regard to the minor, shall not be entitled by testamentary disposition to appoint any person as the guardian of the minor in any other manner than to act jointly with the mother.”; and

- (b) by the substitution for sub-section (6) of the following sub-section:—

“(6) If an order under section 58 of the Children's Ordinance, 1961, is rescinded, or if an order under sub-section (1) of this section granting the sole guardianship or custody of a minor to a parent, lapses or is rescinded or is varied in such a manner that the parent is no longer the sole guardian or vested with the sole custody of the minor, any disposition made under sub-section (3) (a) shall lapse.”

Short title.

4. This ordinance shall be called the Matrimonial Affairs Amendment Ordinance, 1967, and shall come into operation on a date to be fixed by the Administrator by proclamation in the *Official Gazette*.

- „(5) (a) 'n Getroude vrou, hetsy al dan nie onder die maritale mag, kan geld in enige rekening in deposito plaas by 'n bankinstelling soos omskryf in artikel 1 van die Bankwet 1965, en kan sonder die toestemming of bystand van haar eggenoot alle nodige dokumente en ontvangsbewyse verly en gee, en haar deposito in sodanige rekening sedeer, verpand, daarteen leen en in die algemeen daarmee handel en al die voorregte geniet en onderhewig wees aan al die verpligtings van depositogewers in enige sodanige rekening by sodanige bankinstelling: Met dien verstande dat 'n getroude vrou wat onder die maritale mag staan, nie sonder die toestemming van haar eggenoot 'n lopende rekening waarin sy 'n depositogewer in so 'n bankinstelling is, kan oortrek met 'n bedrag wat die totale bedrag van die deposito's wat tot haar krediet in enige rekening in so 'n bankinstelling staan, oorskry nie.
- (b) Behalwe met haar skriftelike toestemming, is die eggenoot van 'n getroude vrou wat ingevolge paragraaf (a) 'n depositogewer by 'n bankinstelling geword het, nie geregtig om van sodanige bankinstelling besonderhede te eis aangaande die deposito's wat sy by daardie bankinstelling het nie.”

3. Artikel 4 van die hoofordonnansie word hierby gewysig —

Wysiging van artikel 4 van Ordonnansie 25 van 1965.

(a) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:—

„(3) Behoudens 'n bevel van die hof — (a) kan 'n ouer aan wie die uitsluitlike voogdy oor of bewaring van 'n minderjarige kragtens subartikel (1) toegeken is, of 'n vader of 'n moeder aan wie 'n kindershof kragtens artikel 58 (1) van die Kinderordonnansie 1961 (Ordonnansie 31 van 1961), die uitsluitlike reg verleen het om enige ouerlike magte met betrekking tot 'n minderjarige uit te oefen, enigemand by testamentêre beskikking benoem tot enigste voog of tot reghebbende op die uitsluitlike bewaring van die minderjarige, na gelang van die geval; en

(b) het die vader van 'n minderjarige aan wie die uitsluitlike voogdy oor die minderjarige nie kragtens subartikel (1) toegeken is nie of aan wie 'n kindershof nie die uitsluitlike reg verleen het om enige ouerlike magte met betrekking tot die minderjarige uit te oefen nie, nie die reg om by testamentêre beskikking iemand as voog van die minderjarige te benoem nie, op 'n ander wyse as om saam met die moeder op te tree.”; en

(b) deur subartikel (6) deur die volgende subartikel te vervang:—

„(6) Indien 'n bevel uitgereik kragtens artikel 58 van die Kinderordonnansie 1961, ingetrek word, of indien 'n bevel uitgereik kragtens subartikel (1) van hierdie artikel waarby die uitsluitlike voogdy oor of bewaring van 'n minderjarige aan 'n ouer toegeken is, verval of ingetrek word of op so 'n wyse gewysig word dat die ouer nie meer die enigste voog of die reghebbende op uitsluitlike bewaring van die minderjarige is nie, verval 'n beskikking wat kragtens subartikel (3) (a) gemaak is.”

4. Hierdie ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Huweliksaangeleenthede 1967, en tree in werking op 'n datum deur die Administrateur by proklamasie in die *Offisiële Koerant* bepaal.

Kort titel.